

## **Innovasie en medewerking uiters belangrik om voedselsekerheid aan te spreek**

**Scott Drimie\***

Vandag (16 Oktober) word [Wêreldvoedseldag](#) vir die 53ste keer gevier. Hierdie dag is daarop gemik om die kwessies rondom armoede en hongerte aan te spreek. Vanjaar val die klem op voedsel- en voedingstofsekerheid onder die uitwerking van die klimaatskrisis.

Dit is 'n reuse-uitdaging. Die Russiese inval in Oekraïne het die voedselstelsel – wat reeds weens die uitwerking van Covid-19, energie-onsekerheid en klimaatsverandering baie swaar kry – nog meer vuisvoos gelaat. Hier ter plaatse in Suid-Afrika, wat 'n voedseluitvoerder is, [eet klein en jong kinders sand om hulle mae vol te maak en kom hulle van die honger om](#). Volgens syfers van die Oos-Kaapse departement van gesondheid is daar in Januarie sewe kinders in die Butterworth-hospitaal met ernstige akute wanvoeding opgeneem en een het gesterf. In Februarie is ses kinders opgeneem en [almal is oorlede](#). Daar is min twyfel dat daar sedertdien nog talle sulke sterftes was.

Voedselarmoede, hongerte en wanvoeding, 'n gebrek aan dieetdiversiteit, kindewegkwyning en groeibelemmering, toenemende vatbaarheid vir siektes en 'n vetsug-epidemie dui alles op 'n voedselstelsel wat besig is om te faal en wat baie lewens gaan kos. Hoewel die toegang tot voedsel en genoegsame voeding tegnies 'n reg is wat in die Grondwet vasgelê is, kom hongerte algemeen voor en is toegang tot voedsel 'n daaglikse stryd vir meer as 12 miljoen Suid-Afrikanners. Daarom is wanvoeding in al sy vorme 'n groot gesondheidsuitdaging wat die armes die meeste raak.

Maar soos dit dikwels die geval is in Suid-Afrika, kom daar saam met groot uitdagings innovasie, medewerking en moontlikheid. Daar kom regoor die land talle projekte voor wat hierdie probleme aanspreek.

Woza Nami is een van hierdie projekte. Danksy finansiering van die WWF-Nedbank Groen Trust, die DG Murray-trust en Miserero Hilfswerk, werk die Southern Africa Food Lab hard om die potensiaal vir goeie voeding in gemeenskappe te bevorder wat langs terreine geleë is wat deur eThekwinimunicipaliteit as deel van hul agro-ekologiesenaafprogram gevestig is.

Ten slotte ...

Die sukses van 'n projek soos Woza Nami hang van medewerking af. Hier het ons 'n baie goeie voorbeeld van die plaaslike regering, plaaslike boere, plaaslike verbruikers en plaaslike nieregteringsorganisasies wat in belang van die gemeenskap saamwerk.

Regoor Suid-Afrika is talle voedselstelsels aansienlik gebroke met boere wat gewasse verbou wat nie in hulle eie gemeenskappe verkoop word nie en kopers reis selfs honderde kilometer om produkte te koop wat dikwels in hulle eie gemeenskappe verbou word. Deur Woza Nami leer plaaslike boere nie net hoe om voedsel op 'n manier te verbou wat grondgesondheid in die toekoms sal verseker en klimaatsweerstand sal verbeter nie, maar ook hoe om gewasse te verbou wat hulle aan hulle bure kan verkoop en so die plaaslike ekonomie 'n hupstoot kan gee. Woza Nami ondersteun plaaslike netwerke van rolspelers om sterker voedselaanbodketting te kweek.

Woza Nami is maar net een van verskeie projekte wat die plaaslike regering, boere, verbruikers en nieregteringsorganisasies bymekaar bring om mense se lewensbestaan en voedselsekerheid te midde van 'n onseker klimaatstoekoms te verbeter. Die belangrikste om te onthou, is dat daar te midde van die werklikheid van 'n baie droewe voedselstelsel plek-plek innovasie en medewerking plaasvind, dat onwaarskynlike rolspelers kan en wel saamwerk, en dat hulle verandering en hoop bring.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***\*Scott Drimie is die direkteur van die Southern Africa Food Lab, 'n organisasie wat binne die Universiteit Stellenbosch gesetel is om gespreksvoering tussen uiteenlopende partye te fasiliteer wat na nuwe verhoudings, eksperimentering en metodes lei wat nodig is om alternatiewe voedselstelsels te versterk.***